



Resensies

- Wepener, Cas. 2009. **From fast to feast: a ritual-liturgical exploration of reconciliation in South African cultural contexts.** Leuven: Peeters.
(*B.J. de Klerk*) 897

Fokusresensies

- Yoder, John H. 2007. **Jesus se radikale liefde verander ons wêreld.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*G.A. Lotter*) 899
- Duvenage, B. 2009. **Ontdek God se plan vir jou lewe: koersaanwysers in 'n stukkende wêreld.**
Lyttelton: B. Duvenage.
(*J.G. Noëth*) 901



Resensies

Wepener, Cas. 2009. From fast to feast: a ritual-liturgical exploration of reconciliation in South African cultural contexts. Leuven: Peeters. 239 p. Prys: €60,00. ISBN: 978-90-429-2034-7.

Resensent: B.J. de Klerk
Skool vir Kerkwetenskappe, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

In hierdie boek fokus Cas Wepener op 'n baie sensitiewe en aktuele probleem in alle gemeenskappe wêreldwyd, naamlik versoening. Sy empiriese werk doen hy in Suid-Afrika, kort nadat die Waarheids- en versoeningskommissie hulle verslag gelewer het. Hy konsentreer op versoening tussen gelowiges in verskillende kulturele kontekste. Die uniekheid van die boek is dat hy tot 'n ritueel-liturgiese ondersoek kom, toegespits op versoening binne bepaalde kontekste. Die boek is die resultaat van indringende navorsing wat Wepener vir sy proefskrif gedoen het.

Wepener verdeel die boek in vyf stewige hoofstukke waarin hy onder andere die termeritueel, liturgie en versoening duidelik omskryf. 'n Besondere bydrae van die boek is die omskrywing van die metodiek en teorie wat in die ritueel-liturgiese navorsing gebruik word. Dit is 'n vars benadering wat voortbou op die werk van onder andere Paul Post en Marcel Barnard, maar wat selfstandig 'n verdere tree gee in die ontwikkeling van 'n model vir die Praktiese Teologie. Hy gee 'n kort oorsig oor die geskiedenis van versoeningsrituele in vyf fases van die geskiedenis van die Christelike kerk en dui onder andere die belang van die Nagmaal aan as eet- en drinkrituele in die versoeningsprosesse. Vanuit die Evangelie volgens Lukas dui hy prinsipiële lyne van Bybelse versoeningsrituele aan. Dan spits hy empiries toe op die Suid-Afrikaanse konteks deur drie naasliggende gemeentes van verskillende kulturele kontekste (wit, kleurling en swart gemeentes) se rituele ten opsigte van versoening te beskryf. Hy kom in die slothoofstuk tot die konklusie dat die liturgie ook op die terrein van die vorming en herontdekking van rituele, nie kan stol nie, maar dinamies behoort te ontwikkel.

onder die ses rituele noemers van rituele tyd, rituele objekte, rituele ruimte, rituele klank en taal, rituele identiteit en rituele aksies.

Die teoretiese onderbou van die boek beïndruk werklik en dit is myns insiens die grootste waarde van die navorsing. Die versigtige wyse waarop Cas Wepener met empiriese gegewens werk, het ook besondere waarde. Hy laat hiermee die moontlikheid van verdere ontwikkeling van rituele van versoening binne bepaalde kontekste oop, en gee waardevolle peilers daarvoor aan. Hy ontwerp 'n vars en dinamiese ritueel-liturgiese model (met die fokus op versoening) vir die Praktiese Teologie. Hy toets hierdie model aan die praktyk en toon deur toespitsing op drie gemeentes in dieselfde geografiese area aan hoe versoeningsrituele binne die Suid-Afrikaanse kontekste kan vorm kry.

Dit is vandag nog net so nodig dat daar in die Suid-Afrikaanse konteks, ook kontekste waar daar steeds konflik bestaan, grondige versoening behoort plaas te vind. Daar is meer en meer bewyse van mense wat in hierdie kontekste gevoelens van skuld, haat, wraak en pyn ervaar en dat die uiting daarvan op verskillende wyses tot uiting kom: onttrekking, pogings tot regstelaksies, wat dikwels as omgekeerde diskriminasie ervaar word. Dit is duidelik dat versoening op verskillende terreine tussen kultuurgroepe nie oornag sal plaasvind nie. In hierdie verband kan rituele vanuit die liturgiese verlede, asook vars ontwerpte rituele bydra om die versoeningsproses nie te laat stol nie, maar telkens weer 'n stimulus te gee en prikkels te stuur wat tot heling van wonde wat steeds rou is, kan dien.

Hierdie boek van Cas Wepener is 'n waardevolle wetenskaplike bydrae tot die Teologie, veral die Praktiese Teologie, by name die Liturgiek. Die boek het ook waarde vir gemeentes wat die pyn van verdeeltheid tussen kerkgroepe beleef en iets daaraan wil doen. Die individuele gelowige kan uit die boek materiaal verkry om verkennend leiding te gee aan kerkrade om versoening in kleiner gemeenskappe te stimuleer. Die boek bied 'n ontvriesingsproses van 'n sombere vastyd (routyd) in 'n verdeelde samelewing na 'n feestyd waarin die vrug van versoening ervaar kan word. Die titel van die boek spel dit uit: *From fast to feast*.

Fokusresensies

Yoder, John H. 2007. Jesus se radikale liefde verander ons wêreld. Wellington: Lux Verbi.BM. 352 p. Prys: R109,95.
ISBN: 098 07963 0577 0.

Resensent: G.A. Lotter
Vakgroep Praktiese Teologie, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Hierdie boek is die eerste keer in 1972 in Amerika uitgegee en weer in 1994. Dit is duidelik dat al die sake wat toe in die brandpunt was en waaroor debat gevoer en navorsing gedoen is, nie meer vandag soveel aandag geniet nie. Ander aspekte (soos later bespreek sal word) bly steeds aktueel. Die skrywer, John Howard Yoder, was professor in Teologie aan die Universiteit van Notre Dame in Indiana. Hy was besonder goed op hoogte van die etiese sake wat brandend was in Amerika (en waarskynlik in die wêreld) in die tyd toe hy geskryf het. In die boek handel dit oor die benadering wat Jesus Christus sou gehad het oor die samelewing met betrekking tot geweld, die politiek en die sosiale- en magstrukture waarbinne mense beweeg. Die boek lees moeilik en vereis 'n mens se volle konsentrasie – dit kan nie vir ontspanningslektuur gelees word nie. Die skrywer maak gebruik van ander (toentertydse) relevante navorsing en bring die resultaat van sy eie eksegetiese en hermeneutiese arbeid na vore. Omdat Yoder verskillende aspekte van die rol van Jesus ('n mens sou wou dat hy eerder die volle titel Jesus Christus gebruik!) bespreek, is daar nie eintlik slegs een tema of "goue draad" wat deur die boek loop nie. Die boek dui wel op 'n vars, direkte manier aan hoe dit wat Jesus Christus tweeduusend jaar gelede geleer en geleef het, vandag nog in die samelewing toegepas kan en behoort te word. Baie dinge wat tradisioneel oor Hom geskryf is, is nie relevant nie. (Dit is waarskynlik waarom die uitgewers besluit het om die boek te laat vertaal en [weer] uit te gee!)

Die wyse waarop die boek geredigeer is, doen aangenaam aan en die bladsye is nie so vol en eentonig soos wat soms gebeur nie. Daar is subafdelings binne die hoofstuk en 'n *Nawoord* aan die einde van elke hoofstuk, wat 'n bespreking is van tersaaklike aspekte wat in die hoofstuk hanteer is. Die voetnote is baie volledig met bronverwysings en daar is ook 'n indeks van belangrike name

heel aan die einde van die boek. Dit toon die omvattendheid van Yoder se navorsing vir die boek en terselfertyd gee dit die leser die geleentheid om verder te lees en navorsing te doen indien hy/sy sou wou.

Die boek begin met “Die moontlikheid van ’n messiaanse etiek” en daarop volg sake soos die koms van die koninkryk, die jubeljaar, oor God wat namens ons veg en geweldlose weerstand. Die hoofstuk wat my persoonlik die meeste geraak het, is Hoofstuk 7, wat handel oor hoe Jesus se volgelingen sy pad voluit loop. ’n Mens besef weereens hoe flou die tipe dissipelskap is wat vandag in kerke beoefen word indien jy lees hoe radikaal Yoder dit beskryf. Hierin haal hy gedeeltes van die Nuwe Testament aan en maak dit van toepassing. Op p. 135 word *nabootsing* behandel (wat ’n mens na aanleiding van Thomas á Kempis eerder *navolging* sou wou noem – dalk is dit ’n vertalingsaksent?) en hy bespreek ook die dissipelskap/deelnemerskap aan Christus en wat die implikasies daarvan is. Die volgende vyf hoofstukke handel oor onderskeidelik Christus en mag, revolusionêre onderskikking, Romeine 13 en die staatsgesag, reg-verdiging deur die geloof en die oorlog van die Lam.

Die vertaling deur Andries Cilliers (self ’n befaamde skrywer) is puik en doen geensins stokkerig of geforseerd aan nie.

Wat die algemene beoordeling van die boek betref, die volgende:

- Dit is ’n vakkundige boek wat na my oordeel bedoel is vir ernstige lesers wat op *studie* ingestel is en dit sal definitief nie die populêre mark beïndruk nie. Ek stel ook voor dat ’n mens die boek op meer as een geleentheid lees om beter te begryp waaroor die redenasies van Yoder gaan. Dit sou ook ’n ideale projek wees vir ’n teologiese studiekring om sodoende insette van verskillende teoloë te kry. ’n Ander aanbeveling sou wees om hierdie boek vir alle studente in Teologiese Etiek voor te skryf, omdat dit hulle perspektief besonderlik kan verbreed.
- Die skrywer behandel besonder aktuele etiese aspekte wat vandag nog geldend is, soos byvoorbeeld dissipelskap, mag, gesag en die rol van Christene in die samelewing.
- Uiteraard kan ’n mens nie verwag dat die skrywer sake soos die MIV- en VIGS-pandemie of bioetiek hanteer nie. Hierdie aspek wys ook op die verbygaandheid van baie brandende vraagstukke.

Dit word waardeer dat Lux Verbi.BM die moed het om “tydlose geloofskatte” te publiseer en so ook aan die Afrikaanse leserspubliek beskikbaar te stel, al is dit vir ’n beperkte groep. *Jesus se radikale liefde verander ons wêreld* word sterk aanbeveel vir alle ernstige Christenlesers.

Duvenage, B. 2009. *Ontdek God se plan vir jou lewe: koersaanwysers in ’n stukkende wêreld*. Lyttelton: B. Duvenage. 189 p. Prys: R100,00. ISBN: 978-0-620-43210-8.

Resensent: J.G. Noëth
Gereformeerde Kerk Naboomspruit

In hierdie publikasie slaag dr. Benoon Duvenage daarin om vrae te antwoord oor die gebrokenheid van hierdie wêreld. Die gebrokenheid is duidelik rondom ons sigbaar op talle terreine van die lewe. Orals word antwoorde op die gebrokenheid gesoek. Ongelukkig is baie antwoorde wat die wêreld bied maar leeg en oppervlakkig – daarom kan hierdie publikasie ’n groot bydrae lewer in Skrifgefundeerde antwoorde op soek na koers in ’n stukkende wêreld.

Die wyse waarop koers in hierdie publikasie vir ’n stukkende wêreld aangedui word, is duidelik, eerlik, goed nagevors en Skrifgetrou.

In die eerste twee hoofstukke word kardinaal belangrike vrae aan die orde gestel, naamlik “Hoe kan ons weet dat God ’n plan het?” (Hoofstuk 1) en “Hoe kan ’n mens God ken” (Hoofstuk 2). Met die antwoord van hierdie twee vrae word ’n onderbou gegee waarop die res van die boek se inhoud gebou word. Stelselmatig ontvou die Skrifwaarheid dat God in elke mense se lewe ’n plan het. Die leser word begelei om ten spyte van die gebrokenheid en stukkendheid rondom ons hierdie plan te ontdek en te deurdink. So stel Duvenage (p. 8) dit byvoorbeeld duidelik en helder: “Daar is geen manier waarop ’n mens die sinloosheid en chaos te bowe kan kom as hy nie weet WIE God is en WAT HY DOEN nie.”

Wat opvallend kosbaar van hierdie publikasie is, is die gebruikmaking van Skrifaaanhalings, aanhalings uit die belydenisskrifte en uit die *Insituisie* van Calvyn. Sodanige verwerking van gegewens plaas hierdie publikasie in ’n ander klas en maak dit duidelik dat dit geen goedkoop antwoorde in moeilike tye is nie, maar wel goed nagevorsde, gereformeerde Skrifwaarhede.

In Hoofstukke 3 en 4 word die raadsplan van God van nader bekyk. So stel Duvenage op p. 22 dat die raadsbesluit van God omvattend is – dit handel oor die skepping, onderhouding, regering en herskepping tot met die voleinding. Die besluite van God het nie net met die wêreld in die algemeen of met die mensdom te doen nie. Dit het met alles en elkeen te doen (kollektief en individueel). Hierdie raadsplan van God is vir ewig.

Vanuit hierdie belangrike onderbou oor die raadsplan van God word in Hoofstukke 5 tot 10 die regeringsplan van God, sy skeppings- en versorgingsplan, sy verlossingsplan, venuwingsplan en voleindigingsplan uitgewerk en verduidelik. Deurgaans, soos in die res van die boek, is Skrifverwysings effektief en kragtig gebruik. Die ontvouing van die boek in die verskillende hoofstukke is logies, verklaarend en werklik vertroostend vir 'n stukkende wêreld.

Ontdek God se plan vir jou lewe bring 'n mens verwonderend voor die raadsplan van God. Die skrywer stel op die agterblad dat hierdie boek 'n boek van hoop wil wees. Die boek slaag daarin. Die boek bring gelowiges voor hoop; dit bring 'n mens voor die raadsplan van God, al verstaan ons so min daarvan. Hierdie publikasie is 'n Skriftuurlike koerswyser.

Hierdie boek word met vrymoedigheid aanbeveel vir elkeen wat ernstig is om die koers te bepaal of vir 'n ander koers aan te dui in 'n gebroke wêreld. Dit is 'n publikasie met deeglike nagevorsde inhoud en troos in woorde van hoop.